Die verabsolutering van die etiese en die behoud van soewereine nasionale state as die strukturele subjekte van internasionale verhoudinge kan daarom nooit in

832/...

harmonieuse ewewig figureer nie. Internasionale moralisme kan nooit die bestemmende funksie in die wêreldpolitiek vervul nie. Tussenstaatlike etiek is onontbeerlik, maar dan as morele tussenstaatlike gedrags= reëls - universeel aanvaar - op die struktuurbasis van soewereine state.

Deur die verabsolutering van die etiese word die mens humanisties tot die struktuurbasis van die wêreldpolitiek verhoog. Dan is internasionale moralisme onderhewig aan die selfgenoegsame rede en grille van die humanisties-verabsoluteerde menslike individu. McDougal, Lasswell en Chen skrywe dienaangaande:

> "In conclusion we would emphasize that the animating conception of any international law of human rights is, at its core, a humanistic world view: a conception of the human being as an end in himself and a legitimator of power and not as an instru= ment of a corporate society, deriving his right to existence from the society."[163]

Op die matematiese humanistiese verabsoluteerde enkeling= struktuurbasis is internasionale moralisme onaanvaarbaar. Dan word dit interindividuele humanistiese etiek wat in die aardeie struktuur van internasionale verhoudinge slegs struktuur- en normverwoestend optree. Internasionale moralisme as normatiewe waardesisteem kan nooit los staan van die strukturele funderingsbasis waarbinne dit toegepas moet word nie.

4.3 Samevatting

De Madariaga, verbanne Spaanse humanis, het by geleentheid met verwysing na die verhaal van Don Quixote opgemerk:

> "If the virtues of justice and association are found indispensable even amongst brigands, we can hope that they will gradually raise the standards of nations which have so far behaved like collective brigands."[164]

833/...

Tussenstaatlike etiese kodes is onmisbaar vir internasionale verhoudinge en kan 'n deurslaggewende funksie vervul om state te weerhou van magsegoïstiese internasionale imperialisme. Morele verhoudingsmomente in die tussenstaatlike verkeer is erkenning van die feit dat geen struktuur waardevry kan funksioneer nie. Internasionale moralisme bly egter etiese verhoudingsmomente tussen die deelnemende subjekte aan die wêreldpolitiek; en state wat die etiese ten koste van eie soewereiniteit verabsoluteer, tree immoreel op. Internasionale moralisme kan nooit losgemaak word van die verantwoordelike roeping van elke staatsowerheid in sy gelegeerde owerheidsamp nasionaal en ten opsigte van die internasionale statestruktuur nie. Die internasionale etiese roeping van state gaan daarom hand aan hand met verantwoordelikheid en tussenstaatlike struktuurbehoud.

5 DIE INVLOED VAN DIE INTERNASIONALE OPENBARE MENING

Die internasionale openbare mening transendeer nasionale grense daarin dat dit 'n verenigde universele konsensus oor fundamentele internasionale vraagstukke behels.

> "This consensus makes itself felt in spontaneous reactions throughout the world against whatever move on the chessboard of international politics is disapproved by that consensus."[165], aldus Morgenthau.

Die invloed daarvan sal dus uitkristalliseer in 'n spontane universele internasionale morele appèl deur kommunikasiemedia ten einde die verbreking van die tussenstaatlike etiese konsensus met regsherstel te rugsteun. In dié verband word die Algemene Vergadering van die V.V.O. as ".....the open conscience of the world."[166], voorgehou. Perkins is die mening toegedaan dat die kollektiewe internasionale mening - universele optelsom van verabsoluteerde individuele menings - die onfeilbare morele sluitstuk vir die handhawing van tussenstaatlike reg en geregtigheid is. In die verband skrywe hy:

834/...

> "The best wisdom is to be found in the collectivety, not because any member of the collectivity is himself as wise or as well informed or as disinterested as some notable individuals may be, but because the reconciliation of the wills, the aspirations, and the interests of all, even the prejudices of all, provides a more solid and enduring basis of action than the will, the aspiration and the interest of any individual or of any class. The free men of the West are not sheep to be driven; they will not be driven. They must find the path to wisdom for themselves through leadership of course, but through a leadership that understands and represents them. When we deny this, when we denigrate the democratic process, or yield to gloom with regard to popular government, we shake the very foundations on which our policy rests."[167]

Die magsbeperkende invloed van die internasionale openbare mening moet egter van toepassing gemaak word op die heer= sende realiteite van die tussenstaatlike struktuur. Die vermeende psigologiese universele ooreenstemmendheid aan= gaande die etiese hou nie rekening met die religieuse differensiasie wat individuele menings aangaande vryheid, geregtigheid en sekuriteit ten diepste positiveer nie.[168] Anders moes die spontane reaksie van die ganse internasionale openbare mening al male sonder tal tussenstaatlike agressie in die kiem gesmoor het.

> "Thus the contrast between the community of psychological traits and elemental aspirations, on the one hand," verklaar Morgenthau: "and the absence of shared experiences, universal moral convictions and common political aspirations, on the other, far from providing evidence for the existence of a world public opinion, rather demon= strates its impossibility, as humanity is constituted

in our age."[169]

Die behoud van nasionale state in die tussenstaatlike struktuur en die genormeerde gebondenheid aan dié eis staan dus steeds as 'n barriere in die weg van 'n een=dragtige magsbeperkende universele openbare meningsvorming.

Van grondliggende belang is ook die probleem dat die openbare mening sodanig verabsoluteer word dat dit die tipiese owerheidsfunksie opeis. Indien die openbare mening die bestemmende gesagsfunksie van die owerheid oorneem - verabsolutering van die humanistiese rewo=lusionêre demokrasie - word die struktuureie van elke staat ondermyn en word die openbare mening van volk=soewereiniteit alleenpotentaat van staatsbeleid. In *The Failure of Public Opinion in Foreign Affairs* merk Walter Lippmann die volgende in dié verband op:

> "This devitalization of the governing power is the malady of democratic states. As the malady grow the executives become highly suscep=tible to encroachment and usurpation by elected assemblies; they are pressed and harassed by the higgling of parties, by the agents of organized interests, and by the spokesmen of sectarians and ideologues. The malady can be fatal. It can be deadly to the very survival of the state as a free society if, when the great and hard issues of war and peace, of security and solvency, of revolution and order are up for decision, the executive and judicial departments, with their civil servants and technicians, have lost their power to decide."[170]

Daarmee word die normatiewe bruikbare eie-aard van die openbare mening in internasionale verhoudinge ondergrawe en kan dit geen sinvolle bydrae lewer tot die internasio=nale handhawing van ewewig en harmonie nie.

Intellektuele vermeende kulturele en tegnologiese "een=wording" op die tussenstaatlike terrein bring veral sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n bewuste verrekening deur state

van hulle beeld na buite.[171] Geïnspireer deur subtiele neo-imperialisme, veral met betrekking tot die sogenaamde onverbonde state van die wêreld, is veral die supermoondhede baie fyngevoelig oor tussenstaatlike populariteit en die stilswyende goedkeuring van die internasionale openbare mening. Die houding van die vernaamste geallieerde en geassosieerde bondgenote kan geen owerheid in sy buitelandse beslissingsmomente buite rekening laat nie.[172] Tydens die krisis van 1956 in die Midde-Ooste het die Amerikaanse standpunt van: ".....a single standard of international morality which must be applied to friend and foe alike."[173], die vertrouensverhouding tussen die V.S.A. en sy "Westerse" bondgenote, Engeland en Frankryk, ernstig vertroebel. In 'n brief vervat in *Waging Peace* skrywe Eisenhower na die debakel aan Churchill:

> "So I hope that this one may be washed off the slate as soon as possible and that we can then together adopt other means of achieving our legitimate ob= jectives in the Mid-East. Nothing saddens me more than the thought that I and my old friends of years have met a problem con= cerning which we do not see eye to eye. I shall never be happy until our old time closeness has been restored."[174]

Die "kapitulasie" van die Kremlin tydens die Kubaanse Projektielkrisis (1962) het die *Peking Review*(4.1.1963) laat rapporteer:

> ".....one hundred percent appeasement, a "Münich" pure and simple."[175]

Vanaf Rooi Sjina is ook gevra:

> "Why was it necessary to put the missiles in Cuba? To defend Cuba? Sheer adventurism! Once you put them there, why did you have to pull them out? Sheer capitulationism! You accuse us of being reckless, but for a political gamble you endanger the whole of mankind!"[176]

837/...

Die verrekening van die invloed van die internasionale openbare mening is dus afhanklik van internasionale konsensus oor die normatiewe eie-aard daarvan. Bowendien gee state steeds voorrang aan nasionale belang[177], en is die toepassing daarvan in die magshiërargiese internasionale statestruktuur onder verdenking. Tussenstaatlike beeld=bouing, prestige en diplomatieke aansien is belangrik, maar dit kan nooit verabsoluteer word ten koste van soewereini=teitsbehoud en staatkundige voortbestaan nie. Geen staatsowerheid kan toelaat dat sy tipiese karakteristieke bestemmingsfunksies deur die internasionale openbare mening bepaal word nie. As tekenende voorbeeld van die geldig=heidsdravermoë van die internasionale openbare mening ver=wys ons ten slotte bondig na die probleme van Suid-Afrika se interne staatkundige volkereverhoudingsbeleid.

Selde in die geskiedenis van internasionale verhoudinge was daar so 'n universele morele kruistog gerig teen 'n staat se binnelandse beleid as wat Suid-Afrika sedert die Tweede Wêreldoorlog teen sy beleid van staatsinterne etniese af=sonderlike ontwikkeling moes ervaar. Reeds in 1925 het die bekende negrofiloof, DuBois, "Engelse liberalisme" en "Boeremilitarisme" opgekoppel en skrywe hy in *Worlds of Color* onder meer: ".....Jan Smuts stands for the suppression of the blacks."[178] Die aansoek van Smuts om Suidwes-Afrika by Suid-Afrika in te lyf gedurende die V.V.O.-sitting van 1946 het die vraagstuk onherroeplik in die internasionale kalklik geplaas.[179] Sedert daardie jaar is daar 'n bykans fanatiese stigma rondom die begrip "apartheid" (aparthate) opgebou en is dit pal een van die vernaamste besprekingspunte in die Algemene Vergadering van die V.V.O. elke jaar.[180]

> "The fact that apartheid is specially condemned....." , skrywe Lerner met verwysing na die Konvensie vir die Uitskakeling van Rasse=diskriminasie: "while nazism, as well as anti-Semitism, are not specifically mentioned, should not be considered a consequence of a substantial difference among these forms of

838/...

> racial discrimination, but rather as a consequence of political and other considera= tions of the majority of States Members of the United Nations."[181]

Die bekende volkeregsgeleerde, Gross, verklaar:

> "South Africa undoubtedly is in the path of the coming storm, by reason of its intolerable racial policies."[182]

, terwyl Howe militante rewolusie stook met die woorde:

> ".....the restless spirit of Nazism, with its accent on genetic myth and legal caste, will perhaps be put to rest in a swamp of blood."[183]

In *International Politics* verwys Van Dyke ook daarna dat die internasionale openbare mening die bona fides van die Suid-Afrikaanse owerheid met sy beleid van veelvolkigheid nie vertrou nie - ".....the nearly universal judgement is that it is primarily racist."[184] Internasionaal is dit dus onomstootlik so dat daar 'n bykans universele etiese gemor; meermale geprojekteer op fisiese sanksionêre maatreëls[185], teen Suid-Afrika se beleid van volkere= skeiding opgaan.

Die Suid-Afrikaanse Premier, adv. B.J. Vorster, het op 7 Februarie 1975 in die Volksraad van Suid-Afrika aangetoon dat die universele kruisvaart teen dié land die oortuiging by hom gebring het dat hy 'n reformatoriese roeping het vir die ganse tussenstaatlike:

> "Ek vind my regverdiging in afsonderlike ontwikkeling en ek glo - anders sal ek my tyd mors en sal ek nie langer hier staan nie - dat ons 'n begrip kan tuisbring by volkere en nasies as die geleentheid ons gegun word om dit inderdaad te doen."[186]

Die internasionale vendetta rondom Suid-Afrika se beleid bring ook duidelik die toepassingsprobleem van die openbare mening in die magshiërargiese struktuur van die tussens= staatlike na vore. In 'n relevante toepassing het 'n afge= vaardigde tydens een sitting van die Menseregtekommissie

van die V.V.O. opgemerk:

> "We'd like to condemn the Soviet Union for its repression of intellectuals; we'd like to condemn the United States because of Viet Nam. We cannot afford to do either, so we'll support a condemnation of Israel for reprisals against Arab sabotage."[187]

Die internasionale openbare mening is dus slegs sinvol aan te wend teen die minder magtige moondhede - teen die supermoondhede kan dit nooit beperkend figureer nie.[188]

Ten spyte van die harde realiteite van die wêreldpolitiek wil ook Suid-Afrika nie vyandig staan teenoor internasionale instemming en goedkeuring nie. Geen staat kan volkome isolasie - ook ten opsigte van die tussenstaatlike etiese openbare mening - bekostig nie. Suid-Afrika wil daarom met erkenning van staatkundige sondegebrokenheid toepaslike positiewe kritiek van die openbare mening verwelkom[189], maar mag nooit toelaat dat die openbare mening die struktu= rele eie-aard van die tipiese funksies van die staatsower= heid bepaal nie. In *Afsonderlike Ontwikkeling en Mensgode* koppel Strauss op kostelike wyse die internasionale kruistog teen Suid-Afrika aan verabsoluteerde humanisme:

> "Gemeet met die maatstok van hierdie humanistiese mensbeskouing en samelewings= beeld, lewer die beleid van afsonderlike ontwikkeling dus beslis niks waarmee ons vyande in hulle skik kan wees nie. Ons geordende veelvolkige samelewingspatroon - op die grondslag van ons Christelike voog= skapsbeginsels én - verantwoordelikheid teenoor die ander - en die minderbeskaafdes, is deurgaans in stryd met die karakterlose gemeenskapsplan van die moderne ongeloof se eiewilligheid. Daarom kan hulle ook nie die Christelike fondament van ons beskawingsbeleid begryp nie, die Christelike voogdydiens nie waardeer nie, want hulle weet nie wat dit alles

> behels as 'n volk kneg van die Allerhoogste is nie, en daarom uitsluitlik Sy wil salueer nie; ook in alle menseverhoudings."[190]

'n Christelike internasionale openbare mening kan 'n onont= beerlike barometer vir die verhoudingsmomente van enige staat wees, maar dan moet dit die grense van staatsbevoegd= hede ken en eerbiedig en nooit die verabsoluteerde "wetgewer" vir tussenstaatlike betrekkinge word nie.

6 SLOTBESKOUING

Die wêreldpolitiek mag nooit tot naakte en brutale mags= verhoudinge gereduseer word nie. Etiese tussenstaatlike verhoudingsmomente vervul dus beslis 'n fundamentele taak in die sinvolle harmonisering van ewewig en harmonie in die gedifferensieerde soewereiniteitsveelheid van internasio= nale verhoudinge. Die gevaar is hier egter immer teenwoor= dig dat humanistiese verabsolutering die eie-aard en geldings= radius van internasionale moralisme so outokraties aan die orde stel dat dit juis die basis vir internasionale immo= ralisme - opsegging van die etiese deur etiese verabso= lutering - word. Dan word die mense se regte, gevoels= bewussyn en "onfeilbare" sin vir geregtigheid die bestemmende "Leitmotiv" waarin elke staatsowerheid geroepe is om die geregtigheid van sy internasionale verhoudinge af te spieël. Die mens word die strukturele subjek van die wêreldpolitiek en internasionale moralisme die optelsom van die gevoels= bewussyne van die totaliteit van alle verheerlikte menselike individue.

State bly die strukturele basis van die wêreldpolitiek en slegs op dié grondslag kan daar met sukses aan geldende morele verhoudinge gewerk word. Die eties-gefundeerde be= ginsel van tussenstaatlike naasteliefde is kardinaal in die verkeer tussen state, maar dan mag dit nie bly vassteek in die wisselvallige voorskrifte van die menslike rede nie, dog in die prinsipiële morele oriëntering wat in die Skeppingsorde van God vir state ingebou is.

BRONNEVERWYSINGS VAN HOOFSTUK IX

1. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.224; Wright, Q., The Study of International Relations, Op.cit., p.438. "International ethics is here defined as the science relating the standards and values which individuals, governments, and international organisations believe they ought to observe in their decisions intended to influence international relations. It also includes philosophical analyses and evaluations of alternative principles of international relations, practical rules for formulating, interpreting, and applying standards and values in the conduct of international relations; and historical studies contributing to this science, philosophy and art."; Aron, R., Peace and War, Op.cit., pp.579-585; Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., pp.213-215; Szabó, J., The Theoretical Foundations of Human Rights, in Eide, A., Schou, A., (reds.) International Protection of Human Rights, Almqvist and Wiksell, Stockholm, 1968, pp.34-35.
2. Vgl. Thompson, K.W., Moral Values and International Politics, Political Science Quarterly, Vol. 88, nr. 3, September 1973, p.368.
3. Vgl. Ibid., p.372; Cassin, R., Twenty Years after the Universal Declaration, Journal of the International Commission of Jurists, Vol. VIII, nr. 2, Desember 1967, p.6. "The Events in the recent past, the wars now being waged, the dangers threatening humanity, and the waste of vast resources on arms committed by most states, even the most needy, do not absolve us, but rather compel us to cast our minds back to the principal obstacle to the free realization of Human Rights."
4. Vgl. Weber, M., Ethical Paradoxes of Politics, in Duchacek, I.D., (red.) Discord and Harmony, Op.cit., p.220; Duchacek, I.D., Nations and Men, Op.cit., p.334. "Even more frequently moral perfectionists withdraw from the world of

politics altogether, seeking refuge in contemplation. Like hermits in a forest, they pray, contemplate, and hope for the best. Their hands will not be soiled by compro= mises with reality."

5. Vgl. Luard, E., The Origins of International Concern over Human Rights, in Luard, E., (red.) The International Pro= tection of Human Rights, Thomas and Hudson, London, 1967, pp.7-12.

6. Vgl. Mill, J.S., On Liberty, Longmans, Green and Comp., London, 1867, p.68 waar die werk met die volgende woorde afgesluit word: "The worth of a state in the long run, is the worth of the individuals composing it, and a state which postpones the interests of their mental expansion and elevation to a little more of administrative skill, or of that semblance of it which practice gives in the details of business, a state which dwarfs its men in order that they may be more docile instruments in its hands even for beneficial purposes will find that with small men no great thing can really be accomplished; and that the protection of machinery to which it has sacrificed every= thing, will in the end avail it nothing, for want of the vital power which in order that the machine might work more smoothly, it has preferred to banish." (onderstreep - L.D.B.)

7. Vgl. Humphrey, J., Human Rights the United Nations and 1968, Journal of the International Commission of Jurists, Vol. IX, nr. 1, Junie 1968, pp.1-13; Martin, A., The Universal Declaration of Human Rights, World Affairs, Vol. 3, nr. 3, Julie 1949, pp.292-299; Humphrey, J.P., The U.N. Charter and the Universal Declaration of Human Rights, in Luard, E., (red.) Op.cit., pp.39-57; Van Dyke, V., Op.cit., pp.93-103.

8. Vgl. MacBride, S., Die Menschenrechtskonvention der Verein= ten Nationen und die heutige Weltlage, Universitas, Jg. 23, nr. 12, Desember 1968, p.313.

9. Vgl. Donner, A.M., Een Internationale Declaration on Human Rights?, in Dooyeweerd, H., (sameroeper) Opstellen op Het Gebied van Recht, Staat en Maatschappij, Op.cit., p.208.

10. Vgl. Ibid., p.218; p.219. "Moge het besef doordringen dat men de zaak der Human Rights niet sneller in de ogen van het grote publiek kan devalueren, dan met dit vlot en groots gebaar, waarvan de goedkope qualiteit intussen voor niemand lang verborgen kan blijven."

11. In die denke oor die mens speel die individualistiese ge= dagte in die humanisme die oorheersende rol. Vgl. Strauss, D.F.M., Die Denke oor die Regte van die Mens, Tydskrif vir Christelike Wetenskap, Jg. 5, 3e kwartaal, 1969, pp.133, 154; Stoker, H.G., Die Mensbeskouing in die Wysbegeerte, Koers, Deel XXVII, nr. 7-8, Januarie - Februarie 1960, pp.180-194.

12. Vgl. Moskowitz, M., The Politics and Dynamics of Human Rights, Oceana Publications, New York, 1968, p.72.

13. Vgl. Dooyeweerd, H., Wat is die Mens?, Op.cit., p.17.

14. Vgl. Moskowitz, M., Op.cit., p.74. Op p.1 lê Moskowitz die nasionale staat alle internasionale probleme ten laste met die woorde: "A world of sovereign independent nation — states working not against each other but for the common good of all is a snare and delusion. As long as irratio= nal motives and false loyalties bind us to the realities of human existence, the world will never rise above differen= ces of nationality." Herrera verwys na die sogenaamde "Brotherhood of Man" wat uiteindelik nasionale statesoewe= reiniteit sal transendeer: "Current events provide con= stant evidence of an often negative and usually violent kind, that a vast, complex and well — established socio-economic system transcending national boundaries is a vital factor in achieving international stability. This implies a further derogation from the classical doctrine of sovereignty. In the world of today, however, this doctrine under which each state is the sole judge of its own acts is becoming increasingly unrealistic." Vgl. Herrera, F., The International Social Order and Human Rights, Journal of the International Commission of Jurists, Vol. IX, nr. 1, Junie 1968, p.17.

15. Vgl. Van der Vyver, J.D., Die Juridiese Sin van die

Leerstuk van Menseregte, Ongepubliseerde LL.D.-Proefskrif aan die Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1973, pp.72-77; Luard, E., Op.cit., p.7.

16. Aangehaal in Ezejoifor, G., Protection of Human Rights under the Law, Butterworths, London, 1964, pp.3-4.

17. Vgl. Van der Vyver, J.D., Op.cit., pp.77-79.

18. Vgl. Strauss, D.F.M., Die Denke oor die Regte van die Mens, Op.cit., p.128; Carlyle, A.J., Political Liberty, The Clarendon Press, Oxford, 1941, pp.12-22.

19. Vgl. Van der Vyver, J.D., Op.cit., pp.80-90; Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, Op.cit., p.169. "It is true that the natural law doctrine of Hugo Grotius used this idea as a foundation for international law and that this idea broke through the classical Greek absolutization of the polis. But it could never become the starting point for a social world — view which hits any absolutization of temporal societal life at its roots. It could not clear the way for a theoretical examination of the basic structures of individuality determining the inner nature of the different types of societal relation= ships."

20. Vgl. Van der Vyver, J.D., Op.cit., pp.89-99.

21. Vgl. Ibid., p.91.

22. Vgl. Ibid., pp.92-94; Bierens de Haan, J.D., Politeia. Groote Mannen over Staat en Maatschappij, Elsevier Uitge= versmaatschappij, Amsterdam, 1943, pp.266-279.

23. Vgl. Zimmerli, C.H., Human Rights and the Rule of Law in Southern Rhodesia, The International and Comparative Law Quarterly, Vol. 20, nr. 2, April 1971, pp.270-271. "The two pirots in the historic evolution of human rights are, however, on one side the sequence of English Acts which started with Magna Carta and granted certain individual rights and limited the powers of the State....."; Van der Vyver, J.D., Op.cit., pp.95-98.

24. Vgl. Locke, J., Two Treatises of Civil Government, aangehaal in Van der Vyver, J.D., Op.cit., p.144.

25. Vgl. Strauss, D.F.M., Die Denke oor die Regte van die Mens,

Op.cit., pp.138-139; Gericke, J.D., John Locke se Filosofie van die Natuurreg, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die U.P., Pretoria, 1971, pp.30-31, 91-92; Bierens de Haan, J.D., Op.cit., pp.276-279; Ritchie, D.G., Natural Rights, Allen and Unwin, London, Herdruk, 1924, pp.246-247.

26. Vgl. Van der Vyver, J.D., Op.cit., pp.172-173; Mekkes, J.P.A., Ontwikkeling der Humanistische Rechtstaatstheoriën Libertas-Drukkerijen, Utrecht — Rotterdam, 1940, pp.200-215.

27. Vgl. De Montesquieu, M. de S., The Spirit of Laws, Vol. I, London,1878, p.4.

28. Vgl. Bierens de Haan, J.D., Op.cit., pp.324-339.

29. Vgl. Strauss, D.F.M., Die Denke oor die Regte van die Mens, Op.cit., pp.141-142.

30. Vgl. De Montesquieu, M. de S., Op.cit., p.163.

31. Vgl. Mekkes, J.P.A., Op.cit., pp.237-238; Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, Op.cit., p.428.

32. Vgl. Van der Vyver, J.D., Op.cit., p.174; Sabine, G.H., A History of Political Theory, Harrap and Company, London, Herdruk, 1939, pp.577-579.

33. Volgens Rousseau is niks meer edel as die mens in sy natuurlike staat nie. Vgl. Taylor, E.L.H., The Christian Philosophy of Law, Politics and the State, Op.cit., p.213. "In Rousseau's doctrine of man human nature is inherently good, if its expressions are perverted, the reason lies in the artificiality of existing social structures which prevent it from expressing itself freely."; Van der Vyver, J.D., Op.cit., p.184. ".....die natuurstaat van Rousseau is 'n fiktiewe wêreld, 'n produk van die Rede. Die homme naturel waarmee hy opereer, is 'n denkbeeld wat hy skep deur die bo-natuur en kultuur uit die bestaan van die empiriese antropos te nivelleer; Carlyle, A.J., Political Liberty, Op.cit., pp.216-217; Laski, H.J., The Rise of European Liberalism, Allen and Unwin, London, Eerste Druk, 1936, pp.117, 210, 212.

34. Vgl. Rousseau, J.J., The Social Contract, Vertaal deur M. Cranston, Penguin Books, Harmondsworth, 1968, p.49.

35. Vgl. Ibid., p.96; Van der Vyver, J.D., Op.cit., pp.193-198.

36. Aangehaal en bespreek in Taylor E.L.H., The Christian Philosophy of Law, Politics and the State, Op.cit., p.215. Die algemene wil wat volgens Rousseau altyd reg is, bring juis die meerderheidstirannie. Met verwysing na die Jakobyne het Robespierre se opmerking: "Our will is the general will", gedui op die ironiese totalitarisme van die algemene wil. Vgl. Sabine, G.H., Op.cit., p.591; Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, Op.cit., pp.442-443; Hinsley, F.H., Power and the Pursuit of Peace, Cambridge University Press, Cambridge, 1963, pp.46-61; Strauss, D.F.M., Die Denke oor die Regte van die Mens, Op.cit., pp.145-147; Dietze, G., Über Formulierung der Menschenrechte, Dunckey und Humblot, Berlin, 1956, p.26. "Rousseaus Contrat Social der den Individuen keinerlei Grundrechte zugesteht, weil alles Recht dem volonté générale übertragen wird..... "; Van der Vyver, J.D., Op.cit., pp.254-258; Strauss, L., Natural Right and History, The University of Chicago Press, Chicago, 1953, pp.232-294.

37. Vgl. Van der Vyver, J.D., Op.cit., p.262.

38. Beide Dooyeweerd en Hommes dui daarop dat Kant reeds ge= breek het met die humanistiese natuurreg, en sy "redereg" in 'n metafisiese natuurlike orde fundeer. Vgl. Dooye= weerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol.II, Op.cit., p.150. "The Kantian conception of the freedom — motive seeks the true essence, the "noumenon" of man, be= hind the temporal sensory reality of nature in the autonomous moral will as the law — giver for human conduct. That is why morality must be conceived of as entirely apart from the reality of nature and traced back to a pure autonomous moral will."; Hommes, H.J. van Eikema, De Elementaire Grondbegrippen der Rechtswetenschap, Kluwer, Deventer, 1972, pp.29-36.

39. Aangehaal in Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.214.

40. Aangehaal in Van der Vyver, J.D., Op.cit., p.280.

41. Vgl. Ibid., p.302.

42. Vgl. Ibid., p.309; p.310. "Die idee van 'n algemene wetgewende wil van die volk gepaard met sy parsiële uni= versalistiese grondslag, los die vryheidsprobleem nie ge= heel en al op nie, maar stel inteendeel vir Kant die strik van sy eie uitgangspunt. Dit blyk ten duidelikste waar Kant homself konfronteer met die verhouding wat tot stand kom tussen die mikrokosmiese individu as oortreding van 'n regsreël en die makrokosmiese mens as deelhebber aan die wetgewende orgaan wat daardie regsreël gepositiveer het."; Fromm, E., De Angst voor Vrijheid, Vertaal deur H. Redeker, Byleveld, Utrecht, 1952, p.94. "Zo maken bijvoorbeeld Kant en Hegel de persoonlijke vrijheid en eigenwettelijkheid tot centrale stellingen van hun systeem, om desondanks de mens uit te leveren aan de doeleinden van een almachtige staat."; Bierens de Haan, J.D., Op.cit., p.401. "Met de moraal in de eerste beteekenis, in den zin van zedenleer dus, kan de politiek het gemakkelijk eens zijn, dat de rechten der menschen aan de overheden moeten worden overgelaten, maar met de moraal in die tweede be= teekenis, als rechtsleer dus, waarvoor zij zich onvoorwaar= delijk behoorde te buigen, vindt de politiek het raadzamer maar liever in het geheel compromis aan te gaan."; Hinsley, F.H., Op.cit., p.70.

43. Vgl. Van der Vyver, J.D., Op.cit., pp.333-336; Spier, J.M., Van Thales tot Sartre, Kampen, 1959, p.138; Mekkes, J.P.A., Op.cit., p.161.

44. Vgl. Van der Vyver, J.D., Op.cit., p.340.

45. Vgl. Ibid., p.342.

46. Aangehaal in Ibid., p.343.

47. Vgl. Mekkes, J.P.A., Op.cit., p.377.

48. Fichte self vat die onderskeid tussen die twee soorte "regte" soos volg saam: "Ich habe ein Recht zu thun, was

das Sittengesetz erlaubt, heisst das Thun oder Unterlassen hängt bloss von meiner Willkür ab; ich habe ein Recht frei zu seijn und meine Pflicht zu thun, heisst nur: nichts darf, niemand hat ein Recht, mich daran zu hinde= ren.", aangehaal in Van der Vyver, J.D., Op.cit., p.363.

49. Vgl. die uiteensetting in Van der Vyver, J.D., Op.cit., pp.367-372.

50. Aangehaal in Ibid., p.379.

51. Vgl. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. II, Op.cit., pp.238-239. "In the positivist stand= point, the human formative will was absolutized into the creator of the positive norms. As far as legal philosophy is concerned, I may refer to the struggle between the ratio= nalistic theory of natural law and the positivistic legal theory."; Mekkes, J.P.A., Kennen, Denken, Wetenskap, Tydskrif vir Christelike Wetenskap, Jg. 5, 3e kwartaal, 1969, pp.112-121; Zuidema, S.U., Man in Contemporary Philosophy, in Zuidema, S.U., Communication and Confron= tation, Op.cit., pp.129-148; Venter, E.A., Wysgerige Temas, Op.cit., pp.72-73. "Wanneer die outonome mens die natuur volledig beheers en onderwerp deur middel van sy soewereine rede (.....) sal die menslike persoonlikheid sy volle vryheid ingaan."; Hommes, H.J., Van Eikema, Op.cit., p.16.

52. Vgl. Van Riessen, I.H., De Maatschappij der Toekomst, Op.cit., p.25.

53. Vgl. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, Op.cit., pp.163-164; Venter, E.A., Die Ontwik= keling van die Westerse Denke, Sacum Beperk, Bloemfontein, Tweede Hersiene Druk, 1968, pp.92-94.

54. Aangehaal in Van der Vyver, J.D., Op.cit., p.382.

55. Vgl. Ibid., pp.382-392.

56. Vgl. Ibid., pp.392-399, 402-420.

57. Vgl. Maritain, J., The Rights of Man and Natural Law, The Centenary Press, London, 1945, p.37.

58. Vgl. Cassin, R., The Charter of Human Rights, Referaat by ontvangs van die Nobelprys vir Vrede, Oslo, Desember 1968,

in Haberman, F.W., Peace, Vol. 3, Op.cit., p.397.

59. Vgl. die bylae in Morgenthau H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.553; Humphrey, J.P., The U.N. Charter and the Universal Declaration of Human Rights, in Luard, E., (red.) Op.cit., pp.39-57; Drost, P.N., Human Rights as Legal Rights, Sijthoff, Leyden, Tweede Druk, 1965, pp.28-31; Schleicher, C.P., Op.cit., pp.795-804.

60. Vgl. Sohn, L.B., The Universal Declaration of Human Rights, Journal of the International Commission of Jurists, Vol. VIII, nr. 2, Desember 1967, p.26, waar dit duidelik blyk dat genoemde Kommissie die mode geskep het om deur die "rule of law" menseregte universeel te sanksioneer. "Step by step, the United Nations has proceeded to enforce more vigorously the obligations of Member States to observe human rights and fundamental freedoms, and almost all members have accepted this gradual extension of United Nations powers in this area..... In a relatively short period the Universal Declaration of Human Rights has thus become a part of the constitutional law of the world com= munity and together with the charter of the United Nations, it has achieved the character of a world law superior to all other international instruments and to domestic laws." (onderstreep - L.D.B.)

61. Vgl. die breedvoerige uiteensetting in Van der Vyver, J.D., Op.cit., pp.421-424.

62. Vgl. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, pp.476-477.

63. Vgl. Hommes, H.J. van Eikema, De Beteekenis van de Transcen= dentale Kritiek van het Wetenschappelijk Denke voor de Idee van de Christelijke Wijsbegeerte en Vakwetenschap, Tydskrif vir Christelike Wetenskap, Jg. 9, Eerste kwartaal, 1973, p.5. "De idee van de oorsprong van onze tydelijke ervarings= wêreld word gezocht in de idee van Gods soevereine Scheppers= wil; de idee van de radicale eenheid en totaliteit van onze ervaringswêreld word gezocht in de idee van het cen= trale religieuze liefdegebod, waaraan Christus heeft, voldaan, in Wien, door Wien, en tot Wien alle dingen zijn;

de idee van de onderlinge verhouding en samenhang van onze ervaringswêreld word gezocht in de idee van de onderlinge onherleibaarheid van de geschapen ordeningen, die echter tegelijk een onverbrekelijke innerlijke samenhang ver= tonen."

64. Vgl. Van der Vyver, J.D., Op.cit., p.424.

65. Vgl. Stoker, H.G., Die Mensbeskouing in die Wysbegeerte, Op.cit., p.187; Stoker, H.G., 'n Kursoriese Besinning oor "Menseregte", in Stoker, H.G., Oorsprong en Rigting, Band I, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1967, pp.113-123.

66. Vgl. Stoker, H.G., 'n Kursoriese Besinning oor "Menseregte", Op.cit., pp.117-118. "Ontiese menseregte wortel aldus in ontiese pligte van die mens en wel in fundamentele sin teenoor God. Ontiese menseregte is voorregte wat die mens van Godsweë vergun word om te doen wat hy behoort te doen."

67. Vgl. Ibid., p.115.

68. Vgl. Van der Vyver, J.D., Die Juridiese Sin van die Leer= stuk van Natuurlike Menseregte, Bulletin van die S.A.V.C.W. Jg. 1, nr. 1, April 1965, p.32. ".....die kern van die saak is dat die leerstuk van natuurlike menseregte op 'n antropologie berus wat klaarblyklik onwenslik is. Die mens word naamlik gesien as iemand wat sy eie volkomendheid in homself sou vind; wat dus nie deur die sonde bedorwe is nie en daarom met goddelike volmaaktheid beklee is..... dat elkeen wat met gelykheid, vryheid en onbeperkte regte beklee word noodwendig gelukkig sal wees. Ons geloofs= oortuiging leer, die wetenskap het bewys en die werklikheid getuig dat dit nie so is nie."

69. Vgl. Penrose, E.F., The Revolution in International Rela= tions, Op.cit., p.53; p.281. "In the last resort it is on the growth of the moral sense and the development of moral responsibility as much as on the growth of knowledge and understanding that the chances of international peace will depend."; Purnell, R., The Society of States. An Introduction to International Politics, Weidenfeld and

Nicolson, London, 1973, pp.162-182.

70. Aangehaal in Castberg, F., Natural Laws and Human Rights, An Idea-Historical Survey, in Eide, A., Schou, A., (reds.) Op.cit., p.13.

71. Vgl. Perry, R.L., Cooper, J.C., (reds.) Sources of our Liberties, American Bar Foundation, Chicago, Derde Druk, 1962, p.1.

72. Vgl. Ibid., p.7, waar verwys word na die woorde van Sir Edward Coke: "As the goldfiner will not out of the dust, threds, or shreds of gold, let passe the least crum, in respect of the excellency of the metall: so ought not the learned reader to let passe any syllable of this law, in respect to the excellency of the matter."; Robertson, A.H., Human Rights in Europe, Manchester University Press, New York, 1963, p.177; Radin, M., The Myth of Magna Charta,Harvard Law Review, Vol. LX, September 1947.

73. Die invloed van die Magna Charta in die konstitusionele dokumentasie van die Amerikaanse koloniale vryheidstryd word onder andere onbetwisbaar vergestalt in die "Massachusetts Body of Liberties"; "New York Charter of Liberties and Priveleges"; "Pennsylvania Charter of Priveleges"; "The Great Charter" en die"Carolina Great Deed of Grant." Vgl. Perry, R.L., Cooper, J.C., (reds.) Op.cit., pp.9-10, 143-161, 251-260.

74. Vgl. Ibid., p.17. Nog aktes van die Engelse konstitusio= nele ontwikkeling wat hier in berekening gebring word is die "Habeas Corpus Statuut" (1679) en die "Bill of Rights" (1689). Vgl. die gedokumenteerde weergawe in Van Asbeck, F.M., (red.) The Universal Declaration of Human Rights and its Predecessors , (1679-1948), E.J. Brill, Leyden, 1949, pp.9-32; Roberts-Wray, K., Human Rights in the Commonwealth, The International and Comparative Law Quarter= ly, Vol. 17, nr. 4, Oktober 1968, p.909.

75. Vgl. Van Asbeck, F.M., (red.) Op.cit., p.33.

76. Vgl. Loc.cit.

77. Vgl. Ibid., p.34; Perry, R.L., Cooper, J.C., (reds.) Op.cit., pp.301-310.

78. Vgl. Washington, G., Farewell Address, in Living Documents of American History, Op.cit., p.27.

79. Vgl. Perry, R.L., Cooper, J.C., (reds.)Op.cit., p.319.

80. Vgl. Loc.cit.

81. In 'n brief aan Bryan Fairfax, op 24 Augustus 1774, skrywe George Washington in dié verband: "Satisfied, then, that the acts of a Brithish Parliament are no longer governed by the principles of justice, that it is trampling upon the valuable rights of Americans, confirmed to them by charter and constitution they themselves boast of and con= vinced beyond the smallest doubt, that these measures are the result of deliberation, and attempted to be carried into execution by the hand of power, is it a time to trifle or risk our cause upon petitions, which with difficulty obtain access,.....the crisis is arrived when we must assert our rights or submit to every imposition, that can be heaped upon us, till custom and use shall make us as tame and abject slaves, as the Blacks we rule over with such arbitrary sway....." Vgl. Commager, H.S., Morris, R.B., (reds.) The Spirit of Seventy Six. The Story of the Ame= rican Revolution as told by Participants, Harper and Row, New York, Heruitgawe, 1967, p.25. Oor verskillende uit= sprake in die verband vgl. Ibid., pp.1-57.

82. Vgl. Washington, G., Op.cit., p.28. Oor die rol van moralisme in die tussenstaatlike, skrywe Thomas Jefferson in April 1793: ".....I appeal to the true fountains of evidence, the head and heart of every rational and honest man. It is there Nature has written her moral laws...." Vgl. Graebner, N.A., (red.) Ideas and Diplomacy. Readings in the Intellectual Tradition of American Foreign Policy, Oxford University Press, New York, 1964, pp.55-56. Verder Jefferson, T., First Inaugural Address, in Living Documents of American History, Op.cit., p.3.

83. Vgl. Brownlie, I., (red.) Basic Documents on Human Rights, Clarendon Press, Oxford, 1971, p.8; Sturzo, L., Politics and Morality, Vertaal deur B.B. Carter, Burns, Oates and

Washbourne, London, 1938, pp.6, 16, 49.

84. Vgl. Van Asbeck, F.M., Op.cit., p.49.

85. Vgl. Loc.cit.

86. Vgl. Brownlie, I., Basic Documents on Human Rights, Op.cit., p.8 waar artikel 4 soos volg aangeteken is: "Liberty consists in the power of doing whatever does not injure another. Accordingly the exercise of the natural rights of every man has no other limits than those which are necessary to secure to every other man the free exercise of the same rights; and these limits are determinable only by the law."

87. Die beginsels vervat in die Deklarasie is bevestig in die voorrede van die Franse Konstitusies van 1946 en 1958. Vgl. van der Vyver, J.D., Op.cit., p. 445.

88. Vgl. Castberg, F., Op.cit., p.20. "....it is the French Declaration of 1789 which provides from the point of view of literature, the most fortuitous formulation of the con= temporary concept of the inviolable rights of man and citizen vis-á-vis the state."; Luard, E., The Origins of International Concern Over Human Rights,Op.cit., pp.8-10.

89. Vgl. De Tocqueville, A., L'Ancien Regime, pp.13-15, aange= haal in Taylor, E.L.H., The Christian Philosophy of Law, Politics and the State, Op.cit., p.239. "It is to reli= gious revolutions that the French Revolution must be com= pared if it is to be understood by the aid of analogy..... It considered the citizen as an abstract proposition, apart from any particular society, in the same way as religions considered man as man, independent of country and time. It did not seek to determine what was the particu= lar right of the French citizen, but what were the general rights and duties of man in the political sphere. It was in going back always to the Universal and, so to speak, to the Natural in point of social structure and government, that it rendered itself, intelligible to all and could be imitated in a hundred places at once. As it had the air of rending the regeneration of the human race even more

than to the reform of France, it kindled a passion which the most violent political revolutions had never hitherto been able to arouse. It inspired proselytism and gave birth to propaganda. Hence, in short, it took that appearance of a religious revolution which caused such terror to contemporaries; or rather it became itself a kind of new religion, an imperfect religion it is true, without God, without worship, and without another life, but which nevertheless, like Islam, has flooded the whole world with its soldiers, its apostles, its martyrs." (onderstreep - L.D.B.)

90. Vgl. Groen van Prinsterer, G., Ongeloof en Revolutie. Een Reeks van Historische Voorlezingen, Kemink en Zoon, Utrecht, Vyfde Uitgawe, 1924, pp.218-219.

91. Vgl. Van Asbeck, F.M., Op.cit., p.75.

92. Vgl. Loc.cit.

93. Vgl. Ibid., p.85.

94. Vgl. Purnell, R., Op.cit., pp.171-173; Ezejoifor, G., Op.cit., p.53. "As a result of the practices of the Nazi regime, depriving the individual of both his civil and political rights, subjecting him to police tyranny and the most brutal oppression on the grounds of race or religion, the attention of the peoples of the world was more acutely focussed on the question of the protection of human rights internationally." In 'n toespraak voor die"Reichstag"op 30 Januarie 1939 verwerp Hitler moralisme in die volgende woorde: "Either the wealth of the world is divided by force, in which case this division will be recorrected from time to time by force. Or else the division is based on grounds of equity and therefore also of common sense. ..... But to assume that God has permitted some nations first to acquire a world by force and then to defend this robbery with moralizing theories is perhaps comforting and above all comfortable for the "haves", but for the "have-nots" it is just as unimportant as it is uninteresting and lays no obligation upon them..... . At bottom it is only a question of power, in which common sense and justice

receive no consideration." (onderstreep - L.D.B.), aangehaal in Van Dyke, V., International Politics, Op.cit., p.322. Vgl. ook Schleicher, C.P., Op.cit., p.795; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., pp.228-235.

95. Vgl. Churchill, W.S., The Second World War, Vol. V., Closing the Ring, Houghton Mifflin Company, Boston, 1951, pp.373-374. Vgl. ook die sewetal gevallestudies rakende moralisme in die Tweede Wêreldoorlog in Duchacek, I.D., Nations and Men, Op.cit., pp.349-361.

96. Vgl. Van Asbeck, F.M., Op.cit., p.86; McDougal, M.S., Bebr, G., Human Rights in the United Nations, The American Journal of International Law, Vol. 58, nr. 3, Julie 1964, p.612.

97. Vgl. Ezejoifor, G., Op.cit., p.54.

98. By San Francisco het Genl. J.C. Smuts van Suid-Afrika onder meer die volgende woorde gebesig: "I would suggest that the Charter should contain at its very outset, and in the preamble, a declaration for human rights and of common faith which had sustained the Allied Peoples in their bitter and prolonged struggles for the vindication of these rights and that faith..... . We have fought for justice and decency and for the fundamental freedoms and rights of man which are basic to all human advancement and progress and peace." Aangehaal in Ibid., p.56. Vgl. ook Timmer= mans, D.J.J., De Bijdrage van Generaal J.C. Smuts in het Totstandkomen van het Handvest der Verenigde Naties, Op.cit., pp.63-85; Hancock, W.K., Smuts: The Fields of Force, Op.cit., pp.429-433.

99. Vgl. die aanhef tot die Handves in die bylae tot Van Dyke, V., International Politics, Op.cit., p.503.

100. Vgl. Humphrey, J.P., The U.N. Charter and the Universal Declaration of Human Rights, in Luard, E., (red.) Op.cit., pp.40-42; Ezejoifor, G., Op.cit., pp.57-58; Schleicher, C.P., Op.cit., p.797; Moskowitz, M., Human Rights and World Order. The Struggle for Human Rights in the United Nations, Stevens and Sons, London, 1959, pp.23-30. Artikel

68 lui soos volg: "The Economic and Social Council shall set up commissions in economic and social fields and for the promotion of human rights and such other commissions as may be required for the performance of its functions."

101. Vgl. Roosevelt, F.D., (Mev.) The Promise of Human Rights, Foreign Affairs, Vol. 26, nr. 3, April 1948, p.471. Oor die verskillende standpunte van die lede van die kommissie rakende die taak en funksie van menseregte vgl, Sohn, L.B., The Universal Declaration of Human Rights, Op.cit., pp.19-23.

102. Vgl. Schleicher, C.P., Op.cit., p.798.

103. Vgl. Brownlie, I., Basic Documents on Human Rights, Op.cit., pp.106-107.

104. Vgl. Ibid., p.107.

105. Vgl. Ibid., p.108.

106. Vgl. Ibid., pp.108-112. Artikels 1-21 het in hoofsaak betrekking op tradisionele siviele en politieke regte terwyl artikels 22-27 betrekking het op sogenaamde ekonomiese, sosiale en kulturele regte van die individu in die nuwe milieu van die internasionale stateorde.

107. Artikel 30 lui soos volg: "Nothing in this Declaration may be interpreted as implying for any state, group or person any right to engage in any activity or to perform any act aimed at the destruction of any of the rights and freedoms set forth herein." Vgl. Ibid., p.112. Volgens Strauss is die humanistiewe individualisme: ".....die penwortel van hierdie verklaring." Vgl. Strauss, D.F.M., Die Denke oor die Regte van die Mens, Op.cit., p.153.

108. Vgl. Abram, M.B., The U.N. and Human Rights, Foreign Affairs, Vol. 47, nr. 2, Januarie 1969, p.363. Schleicher, C.P., Op.cit., p.803. "Probably no one is satisfied with the steps so far taken by the United Nations in the field of human rights."

109. Aangehaal in Lauterpacht, H., International Law and Human Rights, Stevens and Sons, London, Eerste Uitgawe, 1950, p.395, vgl ook p.394.

110. Vgl. Sohn., L.B., The Universal Declaration of Human Rights, Op.cit., pp.23-24.

111. Vgl. Ezejoifor, G., Op.cit., pp.67-68.

112. Vgl. MacBride, S., The Meaning of Human Rights Year, Journal of the International Commission of Jurists, Vol. VIII, nr. 2, Desember 1967, p.III; Cassin, R., Twenty Years after the Universal Declaration, Op.cit., p.16. "If the world, whose progress towards unity is increasingly determined by technology, is to remain a human world, there is nothing more essential than the realisation of Article 1 of the Universal Declaration. Conscious of his dignity, man must defend his freedoms without forgetting that, as Gandhi so wisely said, these freedoms must be used to further the fulfilment of his duties and it must be added to treat his fellowmen as equals and brothers"; McDougal, M.S., Lasswell, H.D., Chen, L., Human Rights and World Public Order: A Framework for Policy-Oriented Inquiry, American Journal of International Law, Vol. 63, nr. 2, April 1969, verwys op p.237 na ".....a tremendous collective effort .....symbolized the common aspirations of mankind for increasing the protection of all basic human values "; Moskowitz, M., Human Rights and World Order, Op.cit., pp.157-168; Waldock, H., The Legal Protection of Human Rights - National and International, in Vallat, F., (red.) An Introduction to the Study of Human Rights, Europa Publi= cations, London, 1970, pp.83-98; Herrera, F., Op.cit., p.14; Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., pp.418-419.

113. Vgl. MacBride, S., The Meaning of Human Rights Year, Op.cit., pp.III-XI.

114. Vgl. McDougal, M.S., Bebr, G., Human Rights in the United Nations, Op.cit., p.640.

115. Die artikel lui soos volg: "Nothing contained in the pre= sent Charter shall authorize the United Nations to inter= vene in matters which are essentially within the domestic juridiction of any state or shall require the Members to submit such matters to settlement under the present Charter,....." Vgl. verder Steyn, L.C., Die Seggingskap van die Verenigde Volke insake Menseregte, Tydskrif vir

Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Jg. 13, 1950, wat na 'n breedvoerige bespreking (pp.29-60) op p.61, tot die vongende gevolgtrekking raak: "Om al hierdie redes word dit in oorweging gegee dat daar weinig twyfel oorbly omtrent die vraag of die Verenigde Volke by magte is om ten aansien van enigeen van die aangeleenthede wat hierbo genoem is, direk in die huishoudelike aangeleenthede van 'n indivi= duele staat in te gryp. Daar is niks in die Handves wat 'n vaste grondslag bied vir so 'n verreikende afstand van soewereiniteit deur ledestate nie, vir so 'n wyd ingrypende bevoegdheid van die Organisasie om hom met hul interne sake te bemoei nie." Tydens die bespreking van die Indiërvraagstuk (1946) het Genl. Smuts die volgende mening gehuldig: "If the making of a recommendation is not an intervention in terms of Article 2(7) every domestic matter can be taken along the full course of the procedure of the Assembly. The harm which this article was intended to exclude, would therefore go unchecked." Aangehaal in Fincham, C.B.H., Domestic Jurisdiction, Gepubliseerde LL.D-Proefskrif aan die Rijksuniversiteit van Leyden, Sijthoff Uitgeversmaatschappij, Leyden, 1948, p.26; Potgieter, H.J., Op.cit., pp.14-16. In teenstelling met Smuts se standpunt, het mev. Pandit, betrokke by die S.A.-Indiër= geskil die saak sō gesien: "It is too late now to arque that fundamental violations of the principles of the Charter are matter of domestic juridiction of member states. If this was the case, the Charter would be a dead letter, and our professions about a free world, free from inequalities of race, free from want and free from fear, are empty mockery." Aangehaal in Ezejoifor, G., Op.cit., p.64. Vgl. verder Kelsen, H., The Law of the United Nations, Op.cit., p.29; Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., pp.463-466; Jessup, P.C. A Modern Law of Nations, Op.cit., p.91; Lauterpacht, H., International Law and Human Rights, Op.cit., pp.166-173. Die opdok van soewe= reiniteit deur moralisties-gemotiveerde inmenging is daarom alleen geregverdig as die verbreking van die bestaande

internationale konsensus oor etiese norme sonder twyfel die wêreldvrede bedreig.

116. Vgl. Fawcett, J.E.S., Human Rights and Domestic Juridiction, in Luard, E., (red.) Op.cit., p.302. Vgl. verder pp.286-301.

117. Vgl. McDougal, M.S., Bebr, G., Human Rights in the United Nations, Op.cit., p.608.

118. Vgl. Fawcett, J.E.S., The Application of the European Convention on Human Rights, The Clarendon Press, Oxford, 1969, p.1; Robertson, A.H., Human Rights in Europe, Op.cit., pp.1-14. Die volgende 16 state het die verklaring onderteken; België, Ciprus, Denemarke, Griekeland, Die Federale Republiek van Duitsland, Ysland, Ierland, Italië, Luxembourg, Malta, Nederland, Noorweë, Oostenryk, Swede, Turkye en die Verenigde Koninkryk. Griekeland het hom met ingang Junie 1970 aan die Konvensie onttrek. Vgl. Brownlie, I., Basic Documents on Human Rights, Op.cit., p.338.

119. Aangehaal in Robertson, A.H., Op.cit., p.5. Sean MacBride, toe Ierse Minister van Buitelandse Sake, het by dieselfde geleentheid opgemerk: "The present struggle is one which is largely being fought in the minds and consciences of mankind. In this struggle, I have always felt that we lacked a clearly defined charter which set out unambigiously the rights which we democrats guaranteed to our people. This convention is a step in this direction." Vgl. Loc.cit.; Waldock, H., Human Rights in Contemporary International Law and the significance of the European Convention, in The European Convention on Human Rights, The British Institute of International and Comparative Law, London, 1965, pp.1-23.

120. Vgl. Robertson, A.H., Op.cit., p.7; Ezejoifor, G., Op.cit., pp.99-100.

121. Vgl. Brownlie, I., Basic Documents on Human Rights, Op.cit., p.339.

122. Vgl. Ibid., pp.355-365.

123. Vgl. die volledige uiteensetting in Fawcett, J.E.S., The Application of the European Convention on Human Rights,

Op.cit., pp.1-359; Buergenthal, T., The Effect of the European Convention on Human Rights on the Internal Law of Member States, in The European Convention on Human Rights, Op.cit., pp.79-106; McNulty, A.B., The European Convention on Human Rights: Its Sanctions and Practice, in The European Convention on Human Rights, Op.cit., pp.75-78.

124. Vgl. Greenberg, J., Shalit, A.R., New Horizons for Human Rights: The European Convention, Court, and Commission of Human Rights, Columbia Law Review, Vol. 63, nr. 8, Desember 1963, pp.1384-1412.

125. Vgl. Brownlie, I., Basic Documents on Human Rights, Op.cit., p.441.

126. Vgl. Schuenner, U., An Investigation of the Influence of the European Convention on Human Rights and Fundamental Freedoms on National Legislation and Practice, in Eide, A., Schou, A., (reds.) Op.cit., p.211; Pinto, R., Régionalisme et Universalisme, dans la Protection des Droits de l'homme, in Eide, A., Schou A., (reds.) Op.cit., pp.177-192; Robertson, A.H., Op.cit., pp.172: "It is however a curious fact that while the work which started on a world-wide basis in the United Nations has made much greater progress over the last ten years in the more limited framework of Western Europe, nevertheless the pendulum now seems to be swinging back again and other continents are following and profiting from the European example."; Petzold, H., Der Schutz der Menschenrechte nach Traditionellum Völker= recht und nach der Europäischen Menschenrechts - Konvention, in Internationales Colloquium über Menschenrechte, Deutsche Gesellschaft für die Vereinten Nationen, Berlyn 1966, pp.81-101.

127. Onder die vaandel van die V.V.O. is onder meer die volgende Deklarasies uitgevaardig. "Die Regte van die Kind" (Res. 1386-1959); "Die Verlening van Onafhanklikheid aan Koloniale Lande en Volke" (Res. 1514-1960); "Die Eliminasie van alle vorme van Rassediskriminasie" (Res. 1904-1963); "Die Eliminasie van Diskriminasie teen Vrouens"

(Res. 2263-1967); "Die Deklarasie by Geleentheid van die Vyf-en-Twintigste Verjaarsdag van die V.V.O., 1971" waarin onder meer in artikel 8 verklaar word: "We pledge ourselves to a continued and determined struggle against violations of human rights and fundamental freedoms."; "Die Voorkoming van en Straf vir die Misdaad van Rasse=moord" (Genocide) (Res. 260-1948); "Die Status van Vlugtelinge" (Res. 538-1951); "Die Status van Staatlose Persone" (Res. 896-1954). Die Internasionale Arbeids=organisasie is verantwoordelik vir: "Gedwonge of Verplig=te Arbeid"(1930); "Die Reg om te Organiseer"(1948); "Kollektiewe Arbeidsoptrede"(1949); "Gelyke Besoldiging" (1951); "Diskriminasie by Indiensneming en Werk"(1958); en"Indiensnemingsbeleid"(1964). Unesco het die "Konvensie teen Diskriminasie in die Onderwys 1960" uitgevaardig ter=wyl die Verklaring van Punta Del Este 1961 en Deklarasies van die OAE en verskeie Afrikastate ook in die verband genoem kan word. Vgl. Brownlie, I., Basic Documents on Human Rights, Op.cit., pp.93-454; Van der Vyver, J.D., Op.cit., pp.477-482.

128. Aangehaal in Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.221.

129. Vgl. Ibid., p.215.

130. Vgl. Loc.cit.

131. Vgl. Loc.cit.

132. Vgl. Ibid., pp.216-217.

133. Vgl. Ibid., p.217. In sy beroemde "Four Freedoms" toe=spraak (6.1.1941) het Roosevelt onder meer in die Ameri=kaanse Kongres verklaar: "Just as our national policy in internal affairs has been based upon a decent respect for the rights and the dignity of all our fellow men within our gates, so our national policy in foreign affairs has been based on a decent respect for the rights and digni=ty of all nations, large and small. And the justice of morality must and will win in the end.... This nation has placed its destiny in the hands and heads and hearts of its millions of free men and women; and its faith in

freedom under the guidance of God. Freedom means the supremacy of human rights everywhere. Our support goes to those who struggle to gain those rights or keep them. Our strength is in our unity of purpose." (onderstreep - L.D.B.) Vgl. Roosevelt, F.D., Four Freedoms, in Living Documents of American History, Op.cit., pp.63-65. Feis egter, verwys na die standpunt wat Anthony Eden in sy Memoirs oor Roosevelt gehuldig het: "He seemed to see himself disposing of the fate of many lands allied,no less than enemy. He did this all with so much grace that it was not easy to dissent. Yet it was too like a con= jurer, skillfully juggling with balls of dynamite, the nature of which he failed to understand." Vgl. Feis, H., Anthony Eden and the Cacophony of Nations, Op.cit.,p.86.

134. Vgl. Volksraadsdebatte van die Republiek van Suid-Afrika, Vrydag 7 Februarie 1975, Kol. 387; Cockram, G.M., Vorster's Foreign Policy, Academica, Pretoria, 1970, p. 19. et.seq.; Muller, H., Die Republiek van Suid-Afrika in die Veranderde Wêreld, Referaat by Eerste Sim= posium oor Internasionale Politiek, Potchefstroom, 31 Augustus 1967, in S.A. in die Veranderde Wêreld, p.86: "Soos algemeen bekend, gaan die Regering uit van die stand= punt dat internasionale vriendskap en samewerking te alle tye moet berus op wederkerige respek, die erkenning van die soewereine onafhanklikheid van state, en geen inmenging in ander se huishoudelike sake nie. Verskille in politieke opvattings en benaderings ten opsigte van interne aange= leenthede behoort geen struikelblok vir vrugbare samewer= king tussen regerings in sake van gemeenskaplike belang te wees nie."; Van Vuuren, D.J.J., Op.cit., pp.111-138.

135. Aangehaal in Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.217; Purnell, R., Op.cit., p.171.

136. Aangehaal in Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.217. Croce, Italiaanse Senator, het selfs tydens die regime van Mussolini nie gehuiwer om te dui op die her= nieude gevaar van chauvinistiese staatstotalitarisme nie. In Oktober 1932 skrywe hy onder meer: "It is true that

the World War, which future historians may well regard as the reductio ad absurdum of nationalism, has embittered the relations of certain states as a result of an unjust and foolish peace treaty; but it also has made the people aware in their innermost consciousness that they have common virtues and defects, common strengths and weaknesses, that they share a common destiny, are inspired by the same affections, afflicted by the same sorrows, glory in the same patrimony of ideals." Vgl. Croce, B., Of Liberty, in Armstrong, H.F., (red.) Fifty Years of Foreign Affairs, Praeger Publishers, New York, 1972, p.111.

137. Aangehaal in Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.218. Schwarzenberger verwys ook daarna dat Molotov: ".....echoed his master's voice", met die volgende aanhaling: "Two diametrically opposite methods exist in international life. One of them, well known to everybody from times long past, is that of violence and domination, for which all means of pressure are good. The other method - true, not sufficiently widespread as yet - is the method of democratic co-operation based on recognition of the principle of equality and the legitimate interests of the States, big and small. We do not doubt that despite all obstacles the method of democratic co-operation among countries will gain the upper hand in the end." Vgl. Loc.cit.

138. Vgl. Luthuli, A., Op.cit., p.228.

139. Vgl. Guevara, C., Op.cit., p.20. Die aardsrewolusionêr, Mao Tse-Toeng, koppel sy moralisme aan die funderende basis van die wêreldarbeider met die woorde: "But the winning of world peace should depend primarily on resolute struggle by the people of all countries." Aangehaal in Jen-min jih-pao, en Hung-ch'i, The Fantasy of a Warless World. in Clemens, W.C., (Jr.) Toward a Strategy of Peace, Op.cit., p.101.

140. Vgl. To the Point, 29 November 1974, p.7, aangaande die vraagstuk van Palestina word Arafat in die Time, 11 November 1974, p.31, soos volg gerapporteer: "We are not

trying to kick anyone into the sea. Our ultimate, strategic aim is to create a united, democratic Palestine in which Christians, Jews and Moslems can live together in terms of equality..... . We are only asking that we all live together. I not only hope the Israelis one day will accept this, but I predict that they will."

141. Vgl. Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.218. "Most ethical systems spring ultimately from a religious source and are the product of a gradual rationalisation of religious values."; Duchacek, I.D., Nations and Men, Op.cit., pp.342-345.

142. Vgl. Van Dyke, V., Op.cit., p.320; Thompson, K.W., Christian Ethics and Dilemmas of Foreign Policy, p.46, aangehaal in Duchacek, I.D., Nations and Men, Op.cit., p.342. ".....for men and for nations, the universal practice is to justify every evil measure by claiming it serves an ethical goal.....for Stalin the gross brutality of liquidating the kulaks found justification as an in= evitable step in the history - fulfilling communist design; for Hitler the cremation of so-called inferior races was excused as a necessary hygienic measure if Teutonic superio= rity were to continue unimpaired. Since nations in the present anarchic world society tend to be repositories of their own morality, the end - means formula has prevailed as an answer to the moral dilemma, for undeniably it is a concealed but essential truth that nations tend to create their own morality."; Burton, J.E., Systems, States, Diplomacy and Rules, Op.cit., pp.199-204.

143. Vgl. Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.220.

144. Vgl. Thompson, K.W., Moral Values and International Poli= tics, Op.cit., p.369. Wright verskaf die, volgens hom, internasionale homogene kulturele groeperinge in Wright, Q., The Study of International Relations, Op.cit., p.445. "There is an Atlantic group with Graeco-Roman - Christian civilization divided into a southern European predominantly Catholic group; a northern European, predominantly Protes= tant group; a central European group largely outside

the area of the ancient Roman Empire of mixed Protestant and Catholic religion; an English-speaking group predominantly Protestant; and a Latin - American group, predominantly Catholic. There is a Eurasian group with a developing communist culture, divided into a Slavic group based on a Byzantine orthodox culture and a far Eastern group, based on a Buddhist-Confucian culture. There is a Middle Eastern group of Moslem culture, divided into an Arab group and a Turko-Iranian group. There is a South Asian group, divided into an area of Hindu culture in the center, and areas of Buddhist and Moslem culture on the periphery. There is a far Eastern - Pacific group, divided into areas in which Confucian, Buddhist, or Christian cultures have been superseding primitive cul= tures. Finally there is an African group, divided into areas in which Moslem or Chistian culture have been super= seding primitive cultures."; Strauss, H.J., Religieuse Koers en Burgervryheid, Op.cit., p.17.

145. Vgl. Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.221.

146. Vgl. Schweitzer, A., The Problem of Peace, Referaat by die Ontvangs van die Nobelprys vir Vrede, Oslo, 4 November 1954, in Haberman, F.W. (red.) Peace, Vol. III, Op.cit., p.57; Schweitzer, A., Humanität, Universitas, Jg. 17, nr. 6, Junie 1962,p.566. "In der Menschheitsgeschichte von heute handelt es sich darum, ob die Gesinnung der Huma= nität oder die Inhumanität zur Herrschaft gelangt..... nur wenn die Humanitätsgesinnung für die solche Waffen nicht in Betracht kommen, die Gesinnung der Inhumanität verdrängt dürfen wir hoffend in die Zukunft blicken."

147. Vgl. Kennedy, J.F., Toward a Strategy of Peace, in Clemens, W.C., (Jr.) Toward a Strategy of Peace, Op.cit., p.24. Vgl. ook Sandifer, D.V., Scheman, L.R., The Foundations of Freedom, Praeger Publishers, New York, 1966, pp.111-118; King, M.L., (Jr.) The Quest for Peace and Justice, Referaat by die Ontvangs van die Nobelprys vir Vrede, Oslo, 11 Desember 1964 in Haberman, F.W., (red.) Peace, Vol. III, Op.cit., pp.333-346.

148. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.6.

149. Vgl. Stoessinger, J.G., The Might of Nations, Op.cit., pp.230-231. "The subtle interdependence between ethics and power compels the statesman to engage in a process of continual balancing. He is forever having to weigh alternatives.....here international relations resemble interpersonal behaviour: most decisions must be taken along a continuum of varying shades of gray. But there does remain one crucial difference: the fact that the stateman's decision may affect the lives of millions of his fellow men."; Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., pp.220-222.

150. Vgl. Wright, Q., The Study of International Relations, Op.cit., pp.443-444.

151. Vgl. Purnell, R., Op.cit., p.170; Ginsberg, M., On Justice in Society, Heinemann, London, 1965, pp.193-196. Vgl. ook Bosanquet, B., The Philosophical Theory of the State, p.84, aangehaal in Eksteen, M.C., 'n Kritiese Ondersoek na die Staatsfilosofie van Bernard Bosanquet, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1965, p.37. "But if a man in society has a nature which he should not have out of society, such that this individuality is maximised by the organization of a social whole, then it is plain that he is not merely as free, "as he was before", but much more free, free in= deed, strictly speaking,under social conditions alone."

152. Vgl. Wright, Q., The Study of International Relations, Op.cit., p.443.

153. Vgl. Ibid., p.442.

154. Vgl. Caradon, Lord, Race, Poverty and Population. An Internationalist's View, in Vallat, F., (red.) Op.cit., p.63.

155. Vgl. Wright, Q., The Study of International Relations, Op.cit., p.441.

156. Vgl. Ibid., pp.441-442; Jenks, C.W., Human Rights, Social Justice and Peace. The Broader Significance of the I.L.O.

Experience, in Eide, A., Schou, A., (reds.) Op.cit., p.227. "No one culture and no particular political or legal tra= dition can claim a copyright in the concept of human rights or hold a parent for its practical application. The validity of the concept and the breadth of its appeal arise from its being a syntheses of all the great morali= ties, the most varied cultures, and diverse political and legal traditions."; Laski, H.J., Liberty in the Modern State, Allen and Unwin, London, Heruitgawe, 1948, pp.161-209.

157. Vgl. Wright, Q., The Study of International Relations, Op.cit., pp.445-448; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., pp.245-249.

158. Vgl. Stoessinger, J.G., Nations in Darkness: China, Russia and America, Random House, New York, 1971, p.4; Hoffmann, S., Perceptions, Reality, and the Franco - American Con= flict, in Farrell, J.C., Smith, A.P., (reds.) Image and Reality in World Politics, Colombia University Press, New York, 1968, p.57. "The distinction between perception and reality in world politics is alway arbitrary. Here as elsewhere, perceptions are part of reality.....taken as a whole, international politics is a set of trends that are often compelling to the actors even if they do not perceive or understand those trends correctly, and a set of percep= tions that shape policies. For perceptions are more than a part of political reality: they mold it, insofar as they are the springs and fuel of action. Moreover, they are themselves shaped by reality." Vgl. ook pp.58-71.

159. Aangehaal in Thompson, K.W., Moral Values and International Politics, Op.cit., p.373.

160. Vgl. Smuts, J.C., Freedom, Rektorale Rede aan die St. Andrews Universiteit, Skotland, 17 Oktober 1934, Gepubliseer deur Maclehose and Comp., London, 1934, pp.28-29.

161. Aangehaal in Duchacek, I.D., Nations and Men, Op.cit., p.341.

162. Aangehaal in Ibid., p.340. Vgl. verder van Dyke, V., Op.cit., pp.323-326; Aron, R., Peace and War, Op.cit., pp.579-635, Aron onderskei in die besonder tussen sogenaam= de "morality of conviction" en "morality of responsibility."

Vgl. pp.633, 634: "The slave who depends upon the whim of his master has no security. The state without arms at the mercy of an armed state has no security..... . To accept the Kremlin's omnipotence today in order to eliminate immediately the infinitesimal chance of the extinction of mankind in a yet unforeseeable future is to make ourselves guilty of what Julien Benda called the ultimate trahison des clers: stupidity..... . The rela= tion between morality of conviction and morality of re= sponsibility are no different today from what they have been, down through the ages. The politician who obeys his heart without concerning himself with the consequences of his acts is failing the duties of his trust and is for this very reason immoral..... . The morality of the citizen or of the leader of men can never be anything but a morality of responsibility, even if convictions that transcend the order of utility inspire this quest for something higher and determine its goals." (onderstreep - L.D.B.)

163. Vgl. McDougal, M.S., Lasswell, H.D., Chen, L., Op.cit., p.269.

164. Aangehaal in Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.226.

165. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.251; Lovell, J.P., Foreign Policy in Perspective, Op.cit., p.257; Galtung, J., Foreign Policy Opinion as a Function of Social Position, in Rosenau, J.N., (red.) International Politics and Foreign Policy, Op.cit., pp.551-572; Lane, R.E., Sears, D.O., Public Opinion, Op.cit., pp.1-4; Almond, G.A., The American People and Foreign Policy, Op.cit., p.3. et.seq.

166. Vgl. Morgenthau. H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.250.

167. Vgl. Perkins, D., Public Opinion and Foreign Affairs. A More Optimistic Appraisal, in Christenson, R.M., McWilliams, R.O., (reds.) Voice of the People. Readings in Public Opinion and Propaganda, McGraw-Hill, New York, 1962, p.579.

168. Vgl. Almond, G.A., Op.cit., pp.193-225.

169. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.253. Vgl. ook die standpunt van Reinhold Niebuhr in Moral Man and Immoral Society; "They regard social con= flict either as an impossible method of achieving morally approved ends or as a momentary expedient which a more perfect education or a purer religion will make unneces= sary. They do not see that the limitations of the human imagination, the easy subservience of reason to prejudice and passion, and the consequent persistence of irrational egoism, particularly in group behaviour, make social con= flict an inevitability in human history probably to its very end." Aangehaal in Osgood, R.E., Ideals and Self-Interest in America's Foreign Relations, University of Chicago Press, Chicago, Sesde Druk, 1969, p.382.

170. Vgl. Lippmann, W., The Failure of Public Opinion in Foreign Affairs, in Christenson, R.M., McWilliams, R.O., (reds.) Op.cit., p.578. Vgl. ook die woorde van Sir Robert Peel in 1820: ".....That great compound of folly, weakness, prejudice, wrong feeling, right feeling, obstinacy, and newspaper paragraphs, which is called public opinion." Aangehaal in Bryce, J., The Ubiquity and Power of Public Opinion, in Christenson, R.M., McWilliams, R, O., (reds.) Op.cit., p.3; Plato, The Allegory of the Cave, in Chris= tenson, R.M., McWilliams, R.O., (reds.) Op.cit., pp.31-33; Bogart, L., Is There a World Public Opinion? in Prosser, M.H., (red.) Intercommunication Among Nations and Peoples, Harper and Row, New York, 1973, pp.101-110.

171. Vgl. Holsti, K.J., International Politics, Op.cit., pp.415-419.

172. Vgl. Ibid., p.418. ".....governments are no doubt much more sensitive to opinions expressed by their closest friends and allies than those emanating from non-involved or hostile countries. Similarly they are more concerned with conforming their actions to their allies' expectations than to those of states with whom they are not so directly involved."; Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., pp.161-168.

173. Aangehaal in Stoessinger, J.G., The Might of Nations, Op.cit., p.230.

174. Vgl. Eisenhower, D.D., Waging Peace, Op.cit., p.681.

175. Aangehaal in Duchacek, I.D., (red.) Discord and Harmony, Op.cit., p.178.

176. Vgl. Ulam, A.B., Expansion and Coexistence, Op.cit., p.676.

177. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., pp.255-260.

178. Vgl. DuBois, W.E.B., Worlds of Color, in Armstrong, H.F., (red.) Fifty Years of Foreign Affairs, Op.cit., p.57.

179. Vgl. Worrall, D., South Africa's Reactions to External Criticism, in Rhoodie, N.J., (red.) South African Dialogue. Op.cit., pp.563-564; Cockram, B., General Smuts and South African Diplomacy, C.R. Swart-Lesing, nr. 3 in Internasio= nale Verhoudinge aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 14 Augus= tus 1970, pp.11-12 dui op kostelike wyse aan hoe deur diplo= matieke listigheid daar reeds in 1946 begin is met die aanslag teen Suid-Afrika in die V.V.O.:"Mrs.Pandit,spotlighted in a beautiful sari, and using her wonderful, resonant voice to perfection, said that she was not a famous soldier, nor an experienced statesman, she could speak only as a woman, but as a woman she could feel for the oppressed wherever they were, and particularly if they were her own countrymen. As she stood with arms uplifted tears glistened on her cheeks, and the assembly broke into a thunder of applause. I was sitting next to Helen Gahagan Douglas, congresswoman for Los Angeles, who commented from the expertise of the film studios, that she was sure that the tears had been stuck on. She added: "I will stop her to congratulate her as she goes back to her seat and we can check for ourselves." She did and they were. In such an environment the cards were stacked against Smuts as they have remained stacked against South Africa to this day."; Verloren van Themaat, J.P., Staatsreg, Op.cit., p.416. "'n Derde fout was om die Verenigde Volke om toestemming te vra om Suidwes-Afrika in te lyf. Dit was

sonder twyfel hoogs onverstandig. Om te verwag dat so iets sou toegestaan word, toon 'n groot gebrek aan insig in feite wat taamlik duidelik was."; Gey van Pittius, E.F.W., Whither South West Africa? International Affairs, Vol. XIII, nr. 2, April 1947, pp.210-211; Imishue, R.W., South West Africa. An International Problem, Pall Mall Press, London, 1965, pp.22-27.

180. Die volgende V.V.O.-Resolusies het onder meer betrekking op Suid-Afrika se beleid van veelvolkigheid. 258-25.9. 1949; 265-14.5.1949; 395-2.12.1950; 511-12.1.1952; 615-5.12.1952; 719-11.11.1953; 1179-26.11.1957; 1302-10.12.1958; 1597-13.4.1961 ; 1662-28.11.1961; 182-4.12.1963; 1904-20.11.1963 en 232-16.12.1966. Vgl. Sohn, L.B., The Universal Declaration of Human Rights, Op.cit., pp.24-125. Vierdag, E.W., The Concept of Discrimination in International Law, Martinus Nijhoff, Den Haag, 1973, pp.2. et.seq.; Cheever, H.E., (Jr.) International Actions on Apartheid, Ongepubliseerde Ph.D-Proefskrif aan die Universiteit van Iowa, 1967, pp.1-336; Pfeifenberger, W., The United Nations and South Africa, Referaat aan die Universiteit van Zoeloeland, Datum Onvermeld, pp.3-10; De Villiers, D.P., The Case for South Africa, Tom Stacey, London, 1970, pp.17-156.

181. Vgl. Lerner, N., The U.N. Convention on the Elimination of all Forms of Racial Discrimination, Sijthoff, Leyden, 1970, p.54.

182. Vgl. Gross, E.A., The Coalescing Problem of Southern Africa, Op.cit., p.755.

183. Vgl. Howe, R.W., War in Southern Africa, Op.cit., p.150; Vandenbosch, A., South Africa and the World, Op.cit., p.227. "Both South Africa and the United Nations have started on a hazardous road. The point of no return has been reached."; Williams, G.M., United States Policy Toward South Africa,in Rainey, G.E., (red.) Op.cit., pp.290-303; Garter, G.M., Can Apartheid Succeed in South Africa? Foreign Affairs, Vol. 32, nr. 2, Januarie 1954, p.309.

"It will be a classic tragedy if the very attempts of the Afrikaner Nationalists to safeguard the position of the white minority in South Africa bring upon them the disas= ters which as more farseeing policy of consiliation might have avoided."; Lewin, J., The Struggle for Racial Equality, Longmans, London, 1967, pp.1-179; Brownlie, I., Basic Documents on African Affairs, Op.cit., pp.372-373, waar verwys word na die resolusie van die O.A.E. rakende "apartheid" in 1964. "Noting with grave concern the consistent refusal of the South African Government to give consideration to appeals made by every sector of world opinion..... . Expressing its deep concern for the trials conducted according to the arbitrary and unhuman laws of the Government of South Africa against the opponents of policies of apartheid....."; Burthelezi, G., Inde= pendence for the Zulus, in Rhoodie, N.J., South African Dialogue, Op.cit., pp.202-207. Ngubane, J.K., An African Explains Apartheid, Praeger Publishers, New York, 1963, p.V. et.seq.; Caradon, L., Op.cit., p.56. "The white supremacy regimes of Southern Africa will not be won over by kind words. No will they be quickly overcome by guerrilla terror. The only hope of avoiding even more terrible consequences of hate and blood is to maintain and step up the pressure. The necessary fundamental change in Southern African politics will be achieved in no other way."; Scott, M., The International Status of South West Africa, International Affairs, Vol. 34, nr.3, Julie 1958, p.329.

184. Vgl. Van Dyke, V., International Politics, Op.cit., p.67.

185. Vir 'n gedetailleerde uiteensetting van die internasionale aanslae teen Suid-Afrika, vgl. Worrall, D., South Africa's Reactions to External Critisism, Op.cit., pp.564-589; Olivier, G.C., South African Foreign Policy, in Worrall, D., (red.) South Africa. Government and Politics, Van Schaik, Pretoria, 1971, pp.285-331; Cockram, G.M., Vorster's Foreign Policy, Op.cit., pp.19-54, 195-209;

Schoeman, B.M., Van Malan tot Verwoerd, Human en Rousseau, Pretoria, 1973, pp.234-245; Venter, E.A., Die Heilige Skrif en die Apartheidsvraagstuk, Die Gereformeerde Vaandel, Deel XVIII, nr. 1, Februarie 1950, p.5; Manning, C.A.W., In Defense of Apartheid, Foreign Affairs, Vol. 43, nr. 1, Oktober 1964, p.149; Biermann, H.H.H., (red.) The Case for South Africa, Macfadden Books, New York, 1963, p.44; Van Vuuren, D.J., Op.cit., pp.115-127; Rhoodie, N.J., Apartheid en Partnership, Academica, Pretoria, Eerste Uitgawe, 1966, p.351. "By geen onbevooroordeelde waar= nemer bestaan daar vandag enige twyfel nie dat die Wit subkontinent van Afrika tans in 'n lewe- en doodstryd ge= wikkel is om sy wettige belange teen die kwaadwillige en militante inmenging van sowel sekere anti-Blanke as ideologies anti-Westerse lande te beskerm. Prominent onder hulle "machinations" tel die poging om die huishou= delike sake van Suidelike Afrika in hul eie belangewentel= baan te betrek deur dit 'n faktor in die koue oorlog te maak. Die drama wat hom tans om die Blankes van Suidelike Afrika ontvou raak dus weier belange as wat oppervlakkig blyk. Gesien in die lig kan inmenging in die sake van Rhodesië, Angola, Mosambiek en Suid-Afrika as verskillende fasette van een geïntegreerde aanslag beskou word - met Suid-Afrika die hoofmikpunt." Salazar van Portugal deel die mening met die woorde: ".....in the attack on Angola, it is not only Portugal that is being attacked but that it is sought to weaken the positions - and not only the strategic positions - of the entire Western World." Vgl. Salazar, A. de O., Realities and Trends of Portugal's Policies, International Affairs, Vol. 39, nr. 2, April 1963, p.183. Vgl. ook Rhoodie, E., The Third Africa, Nasionale Boekhandel, Bloemfontein, Eerste Uitgawe, 1968, pp.19-36, en veral die konkluderende opmerkings van Stefan Possony in Ibid., pp.242-284.

186. Vgl. Volksraadsdebatte van die Republiek van Suid-Afrika, 7 Februarie 1975, Kol, 391. Dr. Verwoerd, wat met magistrale insig die teoretiese grondslae van die beleid van afsonder=

like ontwikkeling blootgelê het, en met reg die argitek daarvan genoem kan word, het met besondere sielkundige be= grip en beeldspraak die regverdigheid van die beleid aan die Bantoevolkere van Suid-Afrika verduidelik. "'n Tier het beide swart en wit kolle",het hy gesê: "of die gifpyl nou die wit kol of die swart kol tref, die hele liggaam sal daaronder ly. En die gifpyl kyk nie na die kleur van die kol voor hy tref nie." Vgl. Barnard, F., Dertien Jaar in die Skadu van dr. H.F. Verwoerd, Op.cit., pp.46-47. Op 7 Mei 1957 open dr. Verwoerd die eerste sitting van die Transkeise Gebiedsowerheid, en sê onder meer: Aparte ontwikkeling is 'n boom, 'n vrugteboom wat die Regering aan die Bantoe van Suid-Afrika gegee het. Die regering het die boom geplant, maar die boom moet versorg word om te kan groei. Indien dit goed versorg word sal dit groei en vrugte dra. Dit mag nie te vinnig groei nie, want die soorte vrugtebome wat te vinnig groei gaan ook gou dood en kan slegs vir 'n kort tyd vrugte dra. Die boom egter wat stadig groei en in die begin min vrugte dra word ge= leidelik baie groot,dan sal dit baie vrugte dra en 'n mens sal die vrugte van so 'n boom vir baie en baie jare kan geniet. Hierdie boom van aparte ontwikkeling wat julleself moet versorg moet een van hierdie wees. Laat dit stadig groei. Moenie ongeduldig raak nie. Laat die takke sterk word sodat hulle baie vrugte kan dra." Vgl. Pelzer, A.N., (red.) Verwoerd aan die Woord, Op.cit., p.139. Dr. Verwoerd was ook die stukrag agter die Tomlinson Verslag (1956) waardeur die bloudrukplanne vir die beleid van volke= reskeiding uitgewerk is. Vgl. Samevatting van die Ver= slag van die Kommissie vir die Sosio-Ekonomiese Ontwikke= ling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, Die Staatsdrukker, Pretoria, 1954, pp.1-213.

187. Vgl. Abram, M.B., The U.N. and Human Rights, Op.cit., p.366.

188. Vgl. Bull, H., World Order and the Super Powers, in Holbraad, C., (red.) Op.cit., pp.140-154.

189. Vgl. Abram, M.B., Op.cit., p.371. "Despite the harsh

realities of power politics, world opinion is a force to be reckoned with." Die verdoemende kritiek waarvan Moskowitz, M., The Politics and Dynamics of Human Rights, Op.cit., pp.75, 91. et.seq., tekenend is, kan egter geen gesonde internasionale verstandhouding meebring nie.

190. Vgl. Strauss, H.J., Afsonderlike Ontwikkeling en Mensgode, Riglyne, Jg. 3, nr. 1, April, 1972, p.3.

HOOFSTUK X

INTERNASIONALE ONTWAPENING EN PASIFISME IN MAGSBEPERKENDE FUNKSIE

1 INLEIDING

Die antinormatiewe aanwending van oorlogvoering in internasionale verhoudinge gee lank reeds aanleiding tot die oortuiging dat tussenstaatlike vrede alleenlik in die verbanning van oorlogvoering deur ontwapening geleë is. Pauling, een van die groot voorstanders van ontwapening, bestempel die sogenaamde bewapeningswedloop as: ".....prähistorischer Barberei"[1], terwyl 'n ander bekende voorstander, Noel-Baker, in *The Arms Race* opmerk:

> "The arms race has become, perhaps it has been for seventy years, the most important fact in men's affairs."[2]

In *Has Man a Future?* koppel die ateïstiese humanis, Bertrand Russell, die onvermoë om te ontwapen aan die sondige natuur van die mensdom. Hy sê onder meer:

> ".....we must become aware that the hatred, the expenditure of time and money and intellectual ability upon weapons of destruction, the fear of what we may do to each other, and the imminent daily and hourly risk of an end to all that man has achieved - we must be aware, I say, that all this is a product of human folly. It is not a decree of fate. It is not something imposed by natural conditions. It is an evil springing from human minds, rooted in ancient cruelty and superstition, appropriate, perhaps, to savage hordes long ago, but, in our age, destructive first, of happiness, and then, in all likelihood, of life. One thing only is needed to turn this Hell into a Heaven: it is that East and West, alike, should

> cease to hate and fear each other and should become aware of the common happiness that they can enjoy if they are willing to work together. It is in our hearts that the evil lies, and it is from our hearts that it must be plucked out."[3]

Die gedagtegang van ontwapening en pasifisme word ten diepste gedra deur die sekularisasie van die mensdom.[4] Die ontsluitende magsbevoegdhede waarmee die menslike individu in die Skepping beklee is, het op die gebied van militêre tegnologie in die vorm van kernwapens 'n dinamiese en bykans onberekenbare magsbelading gebring. Vanweë die afval van God moet die onbeheerbare magsvermoë, wat by die humanistiese mens gepaar word met die vrees vir die dood, deur ontwapening ontlaai word.

> "Maakt de mens zich nu met en dankzij zijn macht onafhankelijk van God," verklaar van Riessen in *Christen - Overheid - Krijgsmacht - Moderne Bewapening*, "dan zet hij een proces in gang, dat uitloop op een toestand van zowel machtswillekeur, als machteloosheid en desintegratie. Zo is dan ook een gezagscrisis ontstaan, die ten diepste z'n oorzaak vindt in de secularisatie."[5]

Die gesekulariseerde vrees vir die dood, sterker gemotiveer in die kernterreur van die atoomeeu, spreek duidelik uit die woorde van Gray:

> "If I am proved wrong on this point no reader of these lines will be able to expose me, for both he and I will be dead."[6]

Die fundamentele taak van staat en staatsowerheid is die handhawing van ewewig en harmonie in 'n veelheid van regsbelange, wat sonder die funderende swaardmagmoment ondenkbaar is. Die Christen is dus ook geroepe om verantwoording te doen oor die wyse waarop hy individueel en in staatkundige gemeenskappe - staatsintern en tussenstaatlik - die roeping tot die handhawing van reg en geregtigheid, selfs met die swaardmag volvoer het.[7]

878/...

> ".....we are simply longing for government without politics", kritiseer Schelling die pasifistiese nihilisme in ontwapening en vervolg: "We are hoping for the luxury, which most of us enjoy municipally, of turning over our dirtiest jobs - especially those that require strong nerves - to some specialized employees."[8]

Die ou bekende soldaterympie is hier sprekend:

> "God and the soldier we adore, in time of danger, not before, when danger is past and all things righted - God is forgotten and the soldier slighted."[9]

Probleme rondom ontwapening en pasifisme is dus ten nouste verweef met die karaktereie aard en funksie van oorlog in internasionale verhoudinge.[10] Pascal het by geleentheid opgemerk: "Justice without force is powerless."[11], en daarmee die verabsoluteerde vredeskruistogte van die parasiterende humanisme blootgelê. Die owerheid van elke staat is onherroeplik verbind tot die regsherstellende funksie, 'n taakgebondenheid wat Bavinck soos volg in *Christendom en Oorlog* laat opmerk:

> "De Christelijke ethiek laat dus inderdaad geen andere conclusie toe dan deze, dat er goede en rechtvaardige oorlogen kunnen zijn..... Een oorlog kan goed en rechtvaardig wezen, mits hij aan de eis van hogere beginselen voldoen, tot handhaving der gerechtigheid dient, en niet dan in de uiterste nood onder= nomen wordt.....En ook dan nog blijft hij, evenals de rampen en tegenspoeden in dit leven, een kwaad (malum physicum), dat in Gods heilige handen tot opvoeding der mensheid dienen kan."[12]

Fundamenteel beskou is dit dus nie die wapens self nie, maar die antinormatiewe aanwending daarvan wat die kern van die probleem uitmaak. Duchacek het dieselfde standpunt in gedagte as hy die strewe tot ontwapening op kostelike wyse koppel aan die sondegebroke universele imperialistiese oerdrange van state.

879/...

> "The inanimate object becomes a deadly weapon because of the intention and the nature of its use. Even a stone used for building homes may become a deadly weapon. In a totally disarmed world, 700 million Chinese could stone all the other nations out of their sovereignty or existence."[13]
>
> (Onderstreep - L.D.B.)

Die balanserende stabilisasie van wapentuig in die magsvakuum van internasionale verhoudinge bly egter 'n kardinale probleem betreffende die magsfaktor in die tussenstaatlike. Die historiese pogings aangewend tot wapenkontrole en ontwapening het feitlik sonder uitsondering nooit verder as idealistiese bloudrukplanne van die konferensietafel gerealiseer nie.

2 DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN ONTWAPENING

2.1 Inleiding

'n Waardebepaling van ontwapening moet die volgende grondliggende faktore in gedagte hou; eerstens die onderskeid tussen ontwapening en wapenbeperking; tweedens die verskil tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe ontwapening (veral van kardinale belang by kernontwapening); derdens die geldingsradius van ontwapeningsooreenkomste - die tussenstaatlike magstatus en aantal ondertekenaars van wapenbeperkende verdrae[14]; en laastens die onderskeid tussen gedwonge of vrywillige ooreenkomste rakende die beperking op wapentuig[15]. Ontwapening as sulks het betrekking op die tussenstaatlike strewe na die eliminasie van swaardmag, terwyl die beperking op wapentuig ingestel is op die stabilisasie van die wapenwedloop tot 'n magsbalanserende tussenstaatlike struktuur. Algehele ontwapening het betrekking op die ganse tussenstaatlike struktuur, terwyl lokale wapenkontrole 'n regionale invloedsradius veronderstel. Kwalitatiewe en kwantitatiewe ontwapening kom veral in die tegnologiese triomf van die kerneeu ter sprake waar tegnologiese gesofistikeerdheid die verwoestingskrag teenoor kwantitatiewe oorwegings dikwels oorspan.[16]

880/...

Van die historiese pogings aangewend om wêreldpolitiese ontwapening te bevorder kan daar waarskynlik saam met Zuidema opgemerk word dat die berge in barensnood 'n muisie die lewe geskenk het - parturiunt montes; nascitur ridiculus mus.[17] Die vroegste poging tot wapenbevriesing bekend is 'n ooreenkoms wat die sesde eeu v.C. tussen twee bendes Sjinese rivierrowers oor roofareas in die Shanghai Rivier by wyse van onderhandeling vasgestel is. Die ooreenkoms is bykans 100 jaar eerbiedig, 'n prestasie waarop weinig latere wapenbeperkende ooreenkomste kan aanspraak maak.[18] Na die neerlaag van Napoleon het Tsaar Alexander I van Rusland aan Castlereagh geskrywe:

> "It is necessary that disarmament be effected with the same agreement and striking loyalty that has decided the safety of Europe and which alone can today ensure its happiness."[19]

In dieselfde trant waarsku Von Moltke aan die einde van die negentiende eeu dat die bewapeningswedloop nie onbeperk kan voortduur nie.

> "All Europe," verklaar hy, "all Europe is under arms: wherever we may look about us we see our neighbours.....armed and overladen with the equipage of war, the weight of which it is difficult to bear, even for a rich country. This situation cannot continue indefinitely....."[20]

Die enigste werklike suksesvolle ontwapeningsooreenkoms van die negentiende eeu was die Rush-Bagot ooreenkoms tussen die V.S.A. en Kanada in 1817.[21] Dié ooreenkoms, wat vlootmagte op die Groot Mere beperk het, bestaan vandag nog, hoofsaaklik simbolies, maar is tog illustrasie van die aanvaarbaarheid van wapenkontrole in tussenstaatlike "ideologiese" ooreenstemmingsones.[22] Die eerste poging tot internasionale wapenkontrole met "universele" geldingsradius was die Den Haagse Konferensies.

881/...

2.2 Die Den Haagse Konferensies

In hoofsaak deur die inisiatief van Tsaar Nicholaas II van Rusland het 26 state die Eerste Den Haagse Konferensie (18 Mei - 29 Julie 1899) bygewoon.[23] Die afgevaardigdes het eenparig ooreengekom:

> "That the limitation of military charges, which at present weigh down the world, is greatly to be desired for the increase of the material and moral welfare of humanity.", maar dat: "technical difficulties", in die woorde van die President van die Konferensie, die weg na internasionale aanvaarding blokkeer het.[24] Ooreenkomste oor die humanisering van oorlogvoering deur die onwettige verklaring van "dumdum" koeëls, gifgasse en "projektiele" neergelaat uit ballonne, is by die Eerste Den Haagse Konferensie aanvaar[25], maar behalwe dit was daar weinig blywende sukses.

Deur die bemoeienis van President Theodore Roosevelt is die Tweede Den Haagse Konferensie (15 Junie - 18 Oktober 1907) deur 44 state bygewoon.[26] Die Konferensie herbevestig:

> ".....the resolution adopted by the Conference of 1899 in regard to the limitation of military expenditure; and inasmuch as military expenditure has considerably increased in almost every country since that time, the Conference declares that it is eminently desirable that the governments should resume the serious examination of this question."[27]

Die bydrae van die konferensie tot wapenkontrole was gering en die opmerking van die Russiese afgevaardigde sprekend en toepaslik:

> "If the question was not ripe in 1899, it is not any more so in 1907. It has not been possible to do anything on these lines and the Conference today finds itself as little prepared to enter upon them as in 1899."[28]

'n Standhoudende bydrae tot internasionale wapenkontrole

het die Den Haagse Konferensies nie gelewer nie, slegs 'n idealistiese, maar onrealistiese, samedromming by konferensietafels met tussenstaatlike vrede ten doel.

2.3 Die Vrede van Versailles

Die ongekende verlies aan menselewens (10 miljoen dooies en 20 miljoen gewondes)[29], burgerlike ongevalle en die bykans onberekenbare ekonomiese koste van die Eerste Wêreldoorlog, het die internasionale aandag opnuut op ontwapening gefokus. Geïnspireer deur 'n idealistiese soeke na wêreldvrede[30], wou Woodrow Wilson dit onder meer op die grondslag van ontwapening bou.

> "Adequate quarantees given and taken that national armaments will be reduced to the lowest point consistent with domestic safety."[31]

, verklaar hy in die vierde van sy Veertien Punte, terwyl hy by die Konferensie van Versailles die vraagstuk van ontwapening aan die tegnologie koppel. Wilson verklaar dienaangaande:

> ".....we must take, so far as we can, a picture of the world into our minds. Is it not a starting circumstance for one thing that the great discoveries of science, that the quiet study of men in laboratories, that the thoughtful developments which have taken place in quiet lecture rooms, have now been turned to the destruction of civilization? .....The enemy whom we have just overcome had at its seats of learning some of the principal centres of scientific study and discovery, and used them in order to make destruction sudden and complete; and only the watchful, continuous co-operation of men can see to it that science, as well as armed men, is kept within the harness of civilization."[32]

In artikel 8 van die Volkebondsverdrag word daar verwys na:

> ".....the reduction of national armaments to the lowest point consistent with national safety and the enforcement by common action

of international obligations."[33]

In die twee daaropvolgende dekades is relatiewe suksesvolle en onsuksesvolle tussenstaatlike pogings tot wapenkontrole onder semi-voogdyskap van die Volkebond aangewend.

2.4 Pogings tot Ontwapening tussen die Twee Wêreldoorloë

Terwyl 'n ontwapeningskommissie van die Volkebond besig was om te ywer vir 'n internasionale ontwapeningskonferensie[34], het die maritieme moondhede, buite die jurisdiksie van die Volkebond, 'n poging tot vlootwapenkontrole aangewend. Sentraal motiverend daaragter was die algemene oortuiging dat die wapenwedloop aan die begin van die twintigste eeu in hoofsaak vir die Eerste Wêreldoorlog verantwoordelik was. Die beperkende ontwapeningsmaatreëls wat op Duitsland afgeforseer is, moes as aansporing dien om die tussenstaatlike aanvaardingsomvang so wyd moontlik te proklameer.

2.4.1 Maritieme Wapenbeperking

Groeiende kompetisie in vlootbewapening, die maritieme wapenwedloop tussen die V.S.A. en Brittanje en die Anglo-Japannese Alliansie (1902) gepaar met die vrees vir Japannese dominasie van die Stille Oseaan was aanleidende oorsake vir die Washington Konferensie (12.11.1922 - 6.2.1923), wat op uitnodiging van die Verenigde State plaasgevind het.[35] Die Konferensie is bygewoon deur afgevaardigdes van die V.S.A., Engeland, Japan, Frankryk, Italië, Sjina, België, Portugal en Nederland.[36] In *Naval Policy between The Wars* dui Roskill daarop hoedat Hughes, verkose Konferensievoorsitter van die V.S.A., in sy openingsrede almal onkant laat trap het met die voorstel dat die tonnemaat van die maritieme magte: V.S.A., Engeland, Japan, Frankryk en Italië in die matematiese verhoudingsratio 5:5:3:1.67:1.67 vasgelê moes word.[37] Die formule is uiteindelik aanvaar, maar het alleenlik betrekking gehad op slagskepe omdat die afgevaardigdes geen ooreenkoms oor duikbote, kruisers en torpedojaers kon bereik nie.[38]

Die ooreenkoms was inderdaad 'n monument in die ge=skiedenis van ontwapening en Crabb skryf tereg daaroor:

> "This conference achieved the most impressive reduction in national armaments by international agreement witnessed in history."[39]

